



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

9 DESEMBER 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

OGGENDDIENS

Advent as
oorgangstyd
Lukas 3:1-16

9 Desember

16 Desember

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie		Ds. Burger	3
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	-	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Geen diens	-
19:00	Kerk	Kerssangdiens	Ds. Potgieter	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Geen diens	-	Mike van Deventer	12

GESINSDIENS

Lig en donker
Johannes 1:1-18

ONS GROET DS. PETER EN CHANÉ KOTZE

- Vanoggend neem lidmate afskeid van ds. Peter en Chané Kotze tydens die gesins- en oggenddienste om 09:00 met 'n geselligheid daarna in die markplein. Tee en koffie sal gratis voorsien word.
- Die kerkraad het besluit om die vakature so gou moontlik te vul.
- Lidmate word uitgenooi om kandidate te nomineer. Nominasies sluit op **10 Desember 2018** en kan per e-pos aan Fritz Brand by fritz@stellenberg.co.za gestuur, of by die kerkkantoor ingehandig word. Nominasies moet die volgende inligting van die genomineerde kandidaat bevat: naam, standplaas en indien moontlik sy/haar kontakbesonderhede, asook die naam en kontakbesonderhede van die nomineerder.

DEURKOLLEKTE

Karoo-kosprojek

KERSANGDIENS VANAAND

Ons nooi alle lidmate uit na die Kerssangdiens op Sondagaand 9 Des. om 19:00 in die kerk. Vanaf 18:30 kan jy 'n glasie glühwein en sjerrie in die voorportaal van die kerk saam met strelende Kersmusiek geniet. Prediker: ds. Potgieter. Bring asb. bydraes vir die Karoo-kosprojek saam.

JEUGDAGBOEK

JUNIOR KLEINGROEPE: Ons sluit vanoggend in ons onderskeie kleingroepe die jaar af.

KATEGESE-KLEINGROEOPLEIERS

Ons benodig dringend kategeese-kleingroepleiers vir 2019. Stuur asb. jou kontakbesonderhede aan sunet@stellenberg.co.za indien jy bereid is om jou hulp aan te bied. Dit is 'n goeie geleentheid om eerstehands by jou kind se geloofsontwikkeling en vriendekring betrokke te raak.

KATEGESE-REGISTRASIE 2019

Kategeese-registrasie vir junior en senior kategesegroepes sal op **Sondag 13 Januarie** plaasvind. Juniors (graad 1 tot 7) kan om 10:00 by die saalkompleks aanmeld en seniors (graad 8 tot 11) om 18:00 by die kerk. Kontroleer asb. tydens registrasie die hele gesin se persoonlike besonderhede. Jaargeld van R140 is ook dan betaalbaar. Daar sal op 20 en 27 Januarie weer geleentheid vir registrasie wees.

PLANTETAFEL 9 DESEMBER

Besoek die plantetafel vanoggend om 10:00. Onthou vetplante is wonderlike Kersgeskenke.

DOOP VANDAG IN DIE KLEINSAAL

Bernard en Marcelle Theron, Mountainview Rylaan 29, Ridgeworth, laat doop vir Schalk Theron.

VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Die volgende persone is op 14 Nov. tot die kerkraad verkies:

Ouderlinge:

- Dirmü Gouws vir ds. René Potgieter (Herkies)
- Kobus Otto vir ds. Callie Visagie (Herkies)
- Karen Visagie vir ds. Callie Visagie (Herkies)
- Diaken: Philipp Dietmann vir die eredienskommissie

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2-3: Grootaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5-6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

PREDIKANTE AAN DIENS TYDENS DIE SKOOL- VAKANSIE

12 tot 17 Desember

Di. Marius Breytenbach en
René Potgieter

18 tot 25 Desember

Ds. Why Duvenhage

26 Desember tot
8 Januarie

Ds. Callie Visagie

Kontak gerus die leraar
aan diens indien jy
gedurende die skool-
vakansie 'n leraar
benodig.

KAROO-KOSPROJEK

Die droogte het tot gevolg gehad dat heelwat boere se oeste onsuksesvol was en honderde seisoenwerkers is die hele jaar al sonder werk en inkomste. Ernstige voedselnoed dreig daarom in dorpe soos Calitzdorp, Zoar en Leeu-Gamka. Ons gaan dus ingryp en beoog om met behulp van medewerkers en kosspanne drie keer per week tydens die duur van die hele skoolvakansie aan minderbevoorregte laerskool- en voorskoolse kinders op dié dorpe 'n maaltyd te voorsien. Help ons asb. om die krisis af te weer deur self betrokke te raak:

- 'n Elektroniese bydrae na NGK Stellenberg, ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, KAROOKOS as verwysing.
- Borg 'n bord kos @ R10 per bord. Kaartjies is vandag na eredienste in die voorportaal te koop.
- Jy kan ook die volgende produkte skenk: 5/10 kg broodmeel; 5 kg meliemeel; hawermout; kookolie; blikkieskos soos *bully beef* en sardyne; rys; langlewemelk; soja-maalvleis; aanmaakkoeldrank; maalvleis; hoender en bevrore groente. Handig produkte by die Kerssangdiens, of Kersdienste in, of by die kerkkantoor.

MUSIKANTE VIR PAROWVALLEI-OOS

Die Parowvallei-Oos-gemeente naby aan Tygerberg Hospitaal is dringend op soek na jongmense wat in hulle *band* kan speel. Trom-, kitaar- en baskitaarspelers asook sangers word benodig. Vergoeding word aangebied. Kontak dr. Theo Swart 083 457 1647.

KERSETE BY KLIPHEUWEL

Indien jy graag betrokke wil raak by die Kerse te wat jaarliks op Kersdag aan inwoners van die informele nedersetting in Klipheuvel aangebied word, kontak asb. vir Ingrid Botha by 082 574 1544.

ALMANAKKE

Gemeente-almanakke vir 2019 is nou beskikbaar in die voorpotale van die kerk en kleinsaal, asook by die kerkkantoor.

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

KERSGROETE

Ons wens alle lidmate 'n baie geseënde Kerstyd toe en dink in besonder aan gesinne wat deur die loop van die jaar naasbestandes verloor het.

*Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.
Filippense 4:7*

TIENDEMAANDINSAMELING

- Met die oog op die tiendemaandinsameling dié maand versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om 'n spesiale bydrae tot die insameling te maak. Die tiendemaandinsameling is onmisbaar in die gemeente se jaarlikse begroting van R10 miljoen. Ons mikpunt is R1,75 miljoen en die insameling staan tans op R 1 130 597.
- Bring jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, saam na die erediens toe en in ruil daarvoor kan jy 'n spekboom ontvang. Neem asb. net een spekboom per gesin. Spekbome kan in 2019 uitgeplant word.

Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

EREDIENSTE TYDENS DIE VAKANSIE

Tydens die skoolvakansie word die volgende eredienste elke Sondag aangebied:

09:00 Oggenddiens in die kerk en 19:00 Aanddiens in die kapel.

Neem kennis dat daar slegs op Sondag 30 Desember geen aanddiens in die kapel sal wees nie.

Spesiale eredienste tydens die vakansie:

Maandag 24 Desember (Oukersaand)

19:00 tot 19:30 Samesang van Kersliedere in die kerk.

Dinsdag 25 Desember (Kersdag)

07:30; 08:30 en 09:30 Kersdiens in die kerk (ds. Why Duvenhage).

Maandag 31 Desember (Oujaarsdag)

19:00 Erediens in die kapel (ds. Callie Visagie).

GEBEDSGROEPE

Maandag 09:15

Vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag 18:30

Gebedsbyeenkoms in die gebedskamer.

Donderdag 06:00

Gebedsbyeenkoms vir mans in die markplein.

NUUT IN DIE GEMEENTE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of gesels na die diens met die prediker.